

Ken jy die krag van jǒu woorde?

Wat het u vandag met u woorde, met u tong reg gekry? Wat het u alles gesê? Het u vandag baie gepraat?

Die Bybel sê dus dat 'n mens se tong baie mag het.

Met 'n onbeheerste tong kan 'n mens met een woord onberekenbare skade aanrig. Binne sekondes, met 'n paar woorde, kan jy 'n verhouding skade aandoen en dit kan jou jare neem om dit weer te herstel.

Jy kan 'n ander mens met jou tong slaan, beledig, tot in die grond verneder. Met jou woorde kan jy 'n ander mens hartseer maak, diep ongelukkig en moedeloos maak.

Met jou tong kan jy mense wat graag naby jou wil wees van jou af wegjaag en van jou vervreem. Met jou woorde kan jy vyandskap en agterdog tussen mense bring.

Miskien het jy vandag self deurgeloop onder die onbeheerste tong van 'n ander mens.

In Psalm 19 erken Dawid dat God elke woord uit sy mond hoor, en dit is vir hom belangrik dat God sy woorde sal goedkeur. Die Here moet hom help dat hy sy woorde sal tel. Hy vra daarom dat die Here 'n wag voor sy mond sal plaas.

Elders in die Bybel staan dit ook dat 'n Christen vinnig moet wees om te hoor en stadig en versigtig om te praat.

Is dit vir u belangrik om ook u tong te kan beheer?

'n Beheerste tong het die mag om te troos; met 'n beheerste tong kan jy bid vir jou medemens.

Ja, jou tong het die mag om iemand moed in te praat, op te beur en aan te moedig. Jou woorde kan mense weer entoesiasies maak vir die lewe. Jou tong kan brǖe bou; jou woorde kan gebroke verhoudings tussen mense herstel.

Maar geen mens kan uit sy eie krag sy tong beteuel nie. Net God, die Vader van Jesus Christus, doen dit deur sy Gees.

'n Beheerste tong is die werk van die Heilige Gees in 'n mens se hart.

Dan kry jou tong sy mag en krag uit die hemel en nie uit die hel nie.

Sing Psalm 119:1 Ds. W J.K. Saayman (Johannesburg)